Vorster, S W 1995 — Tegnologie: Menslike mag of onmag?

Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. 17 Bladsye. Prys: onbekend

Resensent: Dr Gafie van Wyk

Vorster begin sy boek deur onmiddelik standpunt in te neem oor die invalshoek van waaruit hy die eietydse tegnologie wil beoordeel. 'Tegnologie is 'n menslike kultuuraktiwiteit en is dus onlosmaaklik verbonde aan die wyse waarop die mens sy aardse bestaan in terme van sy religieuse oortuigings beoordeel' (bl 1). Eietydse filosowe het in 'n groot mate konsensus daaroor bereik dat tegnologie as 'n kultuuraktiwiteit beoordeel moet word wanneer daar krities daaroor besin word. Vorster se verdere uiteensetting van sy standpunt, naamlik dat tegnologie dus (daarom ook) onlosmaaklik verbonde is aan die wyse waarop die mens sy aardse bestaan in terme van sy religieuse oortuigings beoordeel, is egter 'n omstrede gedagte. Sou mens die begrip 'religieus' as 'n sinoniem vir die begrip 'godsdienstig' verstaan, kan die algemene geldigheid van Vorster se standpunt betwyfel word. Kultuuraktiwiteite kan wel 'n religieuse dimensie hê en selfs *per se* religieus wees, maar alle kultuuraktiwiteite hou nie noodwendig verband met die mens se religieuse oortuigings nie.

Vorster ken egter nie die konvensionele betekenisse van die begrippe 'religie' en 'religieus' aan dié twee begrippe toe nie. Vir Vorster het die begrip 'religie' 'n ander betekenis as die begrip 'godsdiens'. Hy meen religie behels ''n unieke samehang van natuur, kultuur en godsdiens wat, hoewel hulle onderskei word, nie skeibaar is nie' (bl 36). Vorster se neo-Calvinistiese herdefiniering van die religiebegrip verander vir my gevoel nog nie die feit dat nie alle kultuuraktiwiteite van die mens noodwendig verband hou met sy religieuse oortuigings nie. Ek is nie daarvan oortuig dat kuluur en godsdiens in alle opsigte onlosmaaklik (religieus) aan mekaar verbonde is nie. Daar is sekere kultuuraktiwiteite wat nie alleen van godsdiens onderskei kan word nie, maar verder niks met godsdiens te make hoef te hê nie. Alle norme wat Christene onderskryf, hoef nie spesifiek Christelik te wees nie. Dit is wel moontlik vir Christene om sekere redelike (of algemeen geldende) norme te onderskryf op grond van rasionele oorwegings en nie op grond van religieuse oortuigings nie. Dit is nie ongekwalifiseerd waar dat alle grondliggende norme in enige gemeenskap religieus bepaal word nie. Sou dít wel die geval wees, sou dit onmoontlik wees om (bv vir die beoefening van tegnologie) 'n stel norme te ontwikkel wat universele geldigheid het. Dan sou dit onmoontlik wees dat 'n Christelike tegnoloog en 'n nie-Christelike tegnoloog konsensus sou kon bereik oor die etiese eise waaraan sekere tegnologiese aktiwiteite sou moes voldoen. Dit is vir my baie moeilik om in te sien waarom ekonomiese, estetiese en juridiese norme nou juis religieus bepaald moet wees. Ek ontken nie dat dit in sommige gevalle wel so is dat hierdie norme religieus ingekleur word nie, maar dit hoef nie noodwendig die geval te wees nie.

Al kan ek Vorster se neo-Calvinistiese vertrekpunt nie onderskryf nie, deel ek egter sy kritiek op die eietydse tegnologie. Soos Vorster, is ek van die (oorspronklik neo-Marxistiese) insig oortuig dat die tegnologie tot 'n mag verword het wat die mens mettertyd verslaaf het. Ek is ook daarvan oortuig dat die mens deur hierdie verslawing tot so 'n mate deur die tegnologiese ideologie verblind is dat hy/sy geestelik verarm het met die gevolg dat hy/sy die valse hoop koester dat die tegnologie aan hom/haar troos en redding kan bied.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n Voortreflike eienskap van die boekie is dat die skrywer ('n voormalige navorsingsbestuurder by die Atoomenergiekorporasie) nie skroom om ook spesifiek te wees in sy kritiek op die tegnologie nie. Hy konkretiseer sy kritiek op die eietydse tegnologie byvoorbeeld deur die volgende te stel:

> Dit is duidelik dat die aanwending van die tegno-sciëntistiese ideologie om 'strategiese redes' die deur wyd ooplaat vir allerlei tegnologiese eskapades (met belastingbetalers-geld), sommige waarvan hoogs bedenklik mag wees. Suid-Afrika was in die era van die 'totale aanslag'-ideologie 'n vrugbare teelaarde hiervoor .... (Bl 25).

Die skrywer het besondere moed aan die dag gelê om hierdie 'eskapades' (waarby hy self uit die aard van sy werk as navorsingsbestuurder by die Atoomenergiekorporasie moontlik betrokke was) uit te wys vir wat dit is. Ek deel die skrywer se oortuiging dat die publiek beter ingelig behoort te word oor die (geheime) tegnologiese aktiwiteite wat in ons land plaasvind. Die publiek behoort ook druk op die regering uit te oefen dat tegnologiese 'eskapades' nie ten koste van die mense van hierdie land en die natuur onderneem word nie.